



OMGEWING

'Verbied wildsvleis eet in SA'

 Deur **Elise Tempelhoff** | 22 April 2020 06:04

Die EMS-stigting doen in die lig van die Covid-19-pandemie 'n beroep op regeringsdepartemente om die slag en eet van wildsvleis in Suid-Afrika en die uitvoer daarvan te verbied.

In prokureursbriewe wat namens die stigting aan die departemente van gesondheid, van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling en van omgewingsake, bosbou en visserye gerig is, skryf Cullinan & Vennote dié departemente moet dadelik stappe doen om die eet van wildsvleis in Suid-Afrika verbied.

Luidens die brief aan Thoko Didiza, minister van landbou, is dit duidelik dat Covid-19 oorgedra is van wilde diere en daarom moet die eet van wildsvleis verbied word.

Didiza se departement het onlangs begin om veranderinge aan te bring aan wetgewing oor diereteelt. Ingevolge dié wysigings wil Didiza se departement 32 wildspesies as plaasdiere herklassifiseer sodat met hulle geboer kan word. Luidens die prokureursbrief hou dié planne groot gevaar in vir menslike gesondheid omdat dit duidelik is die telery van die wild is daarop gemik om mense van vleis te voorsien.

“Luidens die brief aan Thoko Didiza, minister van landbou, is dit duidelik dat Covid-19 oorgedra is van wilde diere en daarom moet die eet van wildsvleis verbied word.”

Michele Pickover van EMS het Dinsdag gesê die slag van wilde diere hou ook vir mense wat in slaghuise werk 'n groot gevaar in omdat virusse na hulle oorgedra kan word.

“Ons vra dus 'n verbod op enige gebruik van produkte wat van wilde diere kom,” het sy gesê.

In die brief vra EMS ook dat Didiza se departement die wysigings terugtrek.

Die Trust vir Bedreigde Spesies (EWT) het aangedui hulle is besig met regsaksie teen Didiza en haar departement hieroor.


In die prokureursbrief aan Barbara Creecy, minister van omgewingsake, bosbou en visserye, vra die stigting dat 'n moratorium geplaas word op die uitvoer van leeu-beendere en die slag van leeus.

In die brief word verwys na die vierjarige tierwyfie Nadia van die Bronx-dieretuin in New York wat deur 'n tuinwerker daar met Covid-19 besmet is. Volgens Pickover word meer as 8 000 halfmak leeus in Suid-Afrika aan Covid-19 blootgestel deurdat mense op die leeuplase in noue aanraking met die groot katte kom. Dit stel ook die werkers aan Covid-19 bloot wat die leeus moontlik aan hulle kan oordra, sê Pickover.

In die brief aan dr. Zwelini Mkhize, minister van gesondheid, skryf Cullinan & Vennote EMS het die laaste paar maande reeds drie briewe aan hom gerig waarin hy

 NUUSBULLETIN **GEWILDSTE**

1. **Olie nou so goedkoop soos 'n groot KFC-ete**
2. **Reuse-pakket om SA te help opstaan**
3. **Meer as 70 000 weermag-lede ontplooi tot einde Junie**
4. **KZN, Gauteng en Wes-Kaap dalk langer gesluit**
5. **ANC gaan 'streng optree' teen sy lede wat kospakkies steel**



Stemme

Murray La Vita
Rubriekskrywer

Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.


Korona: 'Ons gaan julle help sterf'
'Dis 'n basiese behoefte'

EMS vra Mkhize om dringend ondersoek in te stel na die welsyn van werkers by slaghuise waar veral wilde diere geslag word. Die stigting herinner Mkhize daaraan dat die Covid-19-pandemie ontstaan het op 'n mark in Wuhan, China, waar wilde diere aangehou en geslag word voordat mense die vleis eet.

In die brief word Mkhize gewaarsku dat hy moet kennis neem van die wildprodukte wat Suid-Afrika uitvoer en dat hy 'n verbod daarop moet plaas sodat toekomstige pandemies voorkom kan word.

Pickover het gesê EMS het in die verlede talle briewe aan Creecy gestuur oor die uitfasering van die leeubedryf, maar nooit enige erkenning van ontvangs gekry nie.

Beeld het ook navraag gedoen, maar geen antwoord van haar departement ontvang nie.

Mkhize en Didiza se departemente het ook nie op EMS of die prokureursbriewe gereageer nie. Pickover het gesê EMS hou 'n noukeurige rekord van al die onbeantwoorde briewe.

Meer oor: [Ems-Stigting](#) | [Michele Pickover](#) | [Slagting Van Wildsvleis](#) | [Wildsvleisverkope](#) | [Slagting](#) | [Uitvoer](#) | [Koronavirus](#)

Nog stories

Hier is Ramaphosa se volledige toespraak

Durbanse padwedloop uitgestel

Meer as 70 000 weermag-lede ontplooi tot einde Junie

KYK: Inwoners van Lenasia-Suid vir virus getoets

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid [hier](#).

0 Comments Network24 Disqus' Privacy Policy Magda Naude ▾

Recommend Tweet Share Sort by Best ▾



Start the discussion...

Be the first to comment.

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd Do Not Sell My Data

